# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen* *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad*

DEEL XX No. 752 — 21 AUGUSTUS 1936 — GEREGISTREER AAN DIE HOOF-POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD — PRYS 4d.


## Die Afrikaanse Eisteddfod

BY die beoordeling van die vrug van jarelange arbeid, op watter terrein van die lewe dit ook mag geskied, is ons alte dikwels geneigd om die moeilike taak van die baanbrekers oor die hoof te sien en maar aan te neem dat alles van die begin af ewe vlot van stapel geloop het. Waar ons ons vandag kan verheug in die bestaan van dosyne Afrikaanse kunswedstrydverenigings in verskillende dele van die land, vergeet ons alte lig dat sulke ondernemings nie spontaan ontstaan en ook nie sonder moeite en opoffering die stadium bereik het waar hul bestaan byna as vanselfsprekend beskou word nie. Die taak om 'n behoorlike sillabus op te stel, die nodige organisasie op te bou, geskikte beoordelaars te vind en die honderd en een dinge te reël wat met so 'n onderneming in verband staan, is geen geringe nie, en buitendien moes daar eers 'n tradisie opgebou word voordat dergelike verenigings jaarliks op die steun van 'n uitgebreide kring medewerkers kon reken.

Waar die Afrikaanse Eisteddfod van Kaapstad vanjaar die elfde mylpaal in sy bestaan bereik het, wil ons dus in die eerste plaas 'n woord van waardering rig aan die baanbrekers wat die fondament so heg gelê het dat die onderneming maar steeds daarop kon voortbou. Die Afrikaanse Eisteddfod het begin as 'n geringe onderafdeling van die Engelse Eisteddfod in 'n oorwegend Engelse stad. Die samewerking was wel heel vriendskaplik, maar op die duur het dit tog onmoontlik geblyk om een organisasie op te bou waarin die Afrikaanse groep op billike verteenwoordiging van sy belange kon reken. Ons glo nie dat daar sprake was van kwaadwilligheid nie; maar dit is nou eenmaal onmoontlik om op gelyke voet saam te werk waar een groep in bykans volkome onkunde verkeer aangaande die belange van die ander. Die gevolg was dat die Afrikaanse afdeling afgeskei en 'n eie organisasie opgebou het. Maar teen alle verwagtings in het die veel kapitaalkragtiger Engelse afdeling heel gou ten onder gegaan, terwyl die Afrikaanse van jaar tot jaar groter lewenskragtigheid aan die dag gelê en in alle rigtings uitgebrei het. Selfs gedurende die ergste ekonomiese gedruktheid was daar nooit tekens van agteruitgang nie, en te oordeel na die getal inskrywings wat vanjaar ontvang is, lyk dit of die Afrikaanse Eisteddfor sy twaalfde bestaansjaar kan aanvang deur in verskillende opsigte rekords daar te stel.

Maar belangriker nog as syfers is die feit dat die gehalte van die werk ook 'n stygende lyn toon. Jaar na jaar was daar verbetering te bespeur in die meeste afdelings, en ons meen dat ons sonder oordrywing kan konstateer dat daar vandag geen soortgelyke vereniging in die land is wat hoër eise aan mededingers stel nie. 'n Paar afdelings — veral dié vir letterkunde — voldoen nog nie aan die verwagtings nie, maar origens is die werk van so 'n gehalte dat die organiseerders in alle opsigte tevrede kan wees.

'n Groot slag het die Eisteddfod onlangs getref deur die heengaan van een van sy ywerigste en talentvolste ondersteuners, die onvergeetlike Jan Johannes Jordaan, wat die eerste voorsitter was en tot sy dood 'n lewendige aandeel in al die bedrywighede van die vereniging aan die dag gelê het. Sy raad en steun kan beswaarlik gemis word, maar sy inspirerende voorbeeld sal altyd 'n spoorslag wees vir diegene wat sy plek moet opvul.

'n Baie belangrike uitbreiding van die werksaamhede wat vanjaar plaasgevind het, geld die instelling van 'n paar afdelings vir Nederlandssprekende mededingers. In die verlede is dergelike klasse ingestel, maar deurdat daar geen inskrywings ontvang is nie, is hulle later afgeskaf. Die herinstelling daarvan is 'n teken van die kentering van die tye: 'n verlewendigde besef by Afrikaners sowel as Nederlanders dat hul kultuurgoedere gemeenskaplike besit is. Hierdie belangstelling is des te meer welkom omdat daar op die oomblik 'n nogal aansienlike immigrasie van Nederlanders plaasvind, en juis op so 'n tydstip is dit baie gewens dat daar die nouste voeling moet bestaan tussen die Afrikaners en hul stamverwante uit Nederland. En hiertoe kan samewerking deur middel van die Afrikaanse Eisteddfod baie bydra.

* * *

Wat 'n vereniging soos die Afrikaanse Eisteddfod vir die jeug beteken, kan nie lig oorskat word nie. By 'n volk wat tot onlangs nog in die pionierstadium verkeer het en al sy sielskrag moes aanwend om die lewe te behou, het daar 'n wesenlike gevaar bestaan dat hy sy gevoel vir skoonheid sou verloor. Gelukkig het die Afrikanervolk te midde van die politieke sowel as die bloot materiële bestaanstryd die kieme van skoonheidswaardering in sy siel bewaar. Alleen die geleentheid om dit tot uiting te laat kom, is nodig. En hierdie geleentheid word — vir sover dit nie deur die opvoedkundige inrigtings verskaf word nie — deur verenigings soos die Afrikaanse Eisteddfod verleen. Elke kind en elke volwassene wat meeding, word deur die selfwerksaamheid aangespoor tot 'n voller, ryker geestelike bestaan. En van hierdie kinders en jongmense sal ons mettertyd 'n geslag kry wat sukses nie bloot in terme van brood alleen sal meet nie.

Daarom ons hartlike gelukwense aan die Eisteddfod met sy elfjarige bestaan. Mag hy jaar na jaar groter lewenskragtigheid aan die dag lê en steeds 'n belangriker faktor word by die opbou van 'n geestelik hoogstaande volk.

## WAAROM?

*„Waarom moet die daglig sterwe?"*
*Vra ek in die donker nag,*
*Maar dan kyk ek na die hemel,*
*En ek sien die sterreprag!*

*„Waarom moet 'n blom verwelk word,*
*Waarom al sy prag vergaan?"*
*Maar ek merk dat uit sy saadknop*
*Weer 'n mooier blom ontstaan!*

*„Waarom moet die liefde sterwe,*
*Waarom moet daar skeiding kom?"*
*Maar daar kom, helaas, geen antwoord —*
*Net 'n wanhoopsroep: „Waarom?"*

LOURENS TALJARD.

## Die Afrikaanse Boek in Nederland

AAN die begin van die jaar het ons dit nodig gevind om heel openhartig te skryf oor die gebrek aan belangstelling in die Afrikaanse letterkunde by die groot publiek in Nederland, ondanks die ywerige propaganda vir die nouer aanhaling van die kulturele bande tussen die twee volke deur 'n klompie Afrikanervriende in die ou moederland. Ons het ons bewerings gebaseer op die verklarings van vooraanstaande Afrikaanse skrywers, wat onder andere gevind het dat Afrikaanse boeke wat aan Nederlandse blaaie gestuur word, selde bespreek word, en dat artikels oor die Afrikaanse letterkunde maar min kans het op plasing in Nederlandse blaaie.

Die saak het dadelik die aandag van die Algemeen Nederlandsch Verbond geniet. Die redakteure van vooraanstaande blaaie in Nederland is genader, en van hulle is die versekering gekry dat hulle wel bereid is om resensies te plaas oor nuwe boeke wat in Suid-Afrika verskyn. Verder het die A.N.V. deur bemiddeling van prof. F. E. J. Malherbe, wat hom op 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie enigsins in dieselfde gees as ons oor die saak uitgelaat het, 'n versoek tot die vernaamste Afrikaanse uitgewers gerig om boeke aan Nederlandse blaaie en tydskrifte vir resensie te stuur.

Dit is aangenaam om te kan meedeel dat dit ook nie net by goeie voornemens gebly het nie, want in die Julie-aflewering van *De Vlaamsche Gids*, die bekende Vlaamse letterkundige maandblad, word die ereplek afgestaan aan 'n lang en insigryke artikel van prof. Malherbe oor die jongste Afrikaanse letterkunde. En dat dit, altans wat hierdie blad betref, nie daarby sal bly nie, word bewys deur 'n opmerking van die redaksie. Na 'n paar baie vriendelike woorde oor die skrywer besluit die redaksie as volg: „We zijn er van overtuigd dat onze lezers het opstel van Prof. Malherbe met een stijgende belangstelling zullen genieten. Het weze het eerste van een reeks artikels uit Zuid-Afrika, waarvan het verschijnen in den „Vlaamsche Gids" bydragen zal om de banden tusschen de verschillende loten van den Nederlandschen stam te verstevigen."

Die A.N.V. het deur sy onmiddellike optrede in hierdie saak, waarvan die Suid-Afrikaanse Akademie reeds met waardering kennis geneem het, andermaal sy onbaat-

(*Vervolg op bladsy* 95.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012